

**Maandag 20 Februarie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26 (1953- en 1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:16-25 (klem op vs 25)**

**Gee aan die Heilige Gees volledige heerskappy oor jou lewe!**

Een van jou groot rykdomme as Christen is die wete dat jy na jou ou natuur saam met Christus aan die kruis gesterwe het. Nou is dit nie meer jy – die óú jy – wat lewe nie, maar dit is Christus wat déúr sy Gees in jou leef! (Gal. 2:20)

Dink daaraan: Jy dra in jou die Gees van die opgestane, lewende Christus! Hierdie Gees is God se eskatologiese Gawe aan die kerk en haar individuele boustene. Jy is skatryk! Nou kom Paulus egter met die dringende appèl: “As ons dan deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.” Dit beteken dat daar tussen jou lewe en jou wandel die aller-intiemste verband moet wees. As jy deur die Gees lewe ... trek die lyn dan ook deur na jou woorde, jou daede en jou gedagtes!

Letterlik staan hier dat jy jou *lewensbeginsel* en jou *lewenswandel* in netjiese gelid moet bring. Die beginsel van jou lewe is tog die Heilige Gees, die Gees van die lewende en lewegewende Wingerdstok op Wie jy soos ’n lootjie ingeënt is (Joh. 15). Gee jou aan Hom oor sodat Hy die lieflike vrug van sy inwoning kan vertoon aan die takke van jou lewe wat in Christus so radikaal nuut en anders geword het!

Teenoor die aaklige werke (meervoud) wat deur die ou, sondige natuur voortgebring word (vs 19-21), staan die multidimensionele vrug (enkelvoud) wat die Heilige Gees in jou bewerk. Dit is soos die skitterende vlakke van ’n supermooi, geslypte diamant: “... *liefde, vreugde, vrede, geduld, vriende-likheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing*” (vs 22, 23).

Dit is ware vryheid: Wanneer die ou mens van sonde nie meer ons gedrag dikteer nie. Nie in die wêreld nie, en ook nie in ons persoonlike lewens nie!

Staan vas in hierdie vryheid. Laat die Heilige Gees deur Wie jy lewe elke dag bewustelik toe om ook jou gedrag tot in die fynste besonderhede te bepaal!

*Sing: Skrifberyming 9-4:1, 4, 5, 6*

*Ds. JJ (Koo) Cloete (Emeritus)*